# Marais Viljoen
# NUUSBRIEF / NEWS LETTER

Term 2 / Kwartaal 2 26 Junie / June 2026



## UIT DIE HOOF SE KANTOOR / FROM THE PRINCIPAL'S OFFICE

With the commencement of the winter holiday, we have also reached the end of the second term. It has been an exceptionally busy and rewarding term, particularly with regards to sport and culture. In addition, learners completed a full examination programme at the end of the term, which required a balance of academic responsibilities and active participation in a wide range of sporting and cultural activities. The learners' commitment, perseverance, and ability to excel in multiple spheres is truly commendable.

In this newsletter, you will read about our learners' outstanding achievements and the many highlights that have made this term such a memorable one.

Ek was ongelukkig gedurende die afgelope maand met siekverlof, maar ek kan met groot dankbaarheid teenoor ons Hemelse Vader getuig dat my heupvervanging uiters suksesvol was. Ek sien daarna uit om aan die begin van die derde kwartaal weer my pligte as skoolhoof te hervat. My opregte dank aan mnr. Müller wat gedurende my afwesigheid as waarnemende hoof opgetree het en die addisionele verantwoordelikhede met toewyding hanteer het. Dankie ook aan mnr. Els en me. De Villiers vir hul waardevolle ondersteuning. Julle samewerking en spanwerk word opreg waardeer.

A heartfelt thank you to every learner who participated during the term and consistently gave their very best. Congratulations to all learners who achieved exceptional results. You make us immensely proud. To our parents, I would also like to express my appreciation for your continued support. We value your willingness to support the school at every opportunity and to brave challenging weather conditions in order to attend events and activities.

I would also like to make special mention of AutoCity for their generous support in providing a vehicle for the school's use, as well as for their involvement as one of our major sponsors. Our sincere thanks also go to all our other sponsors whose generous contributions enable us to carry out projects and continue being a school of opportunity.

Aan elke personeellid wat hierdie besige kwartaal met ywer en toewyding aangepak het, spreek ek my opregte dank uit. Ek wens u 'n welverdiende, rustige en verkwikkende vakansie toe.

Aan die Marais Viljoen-gesin, geniet die wintervakansie saam met u geliefdes, rus goed uit en keer verfris terug vir die laaste helfte van die jaar. Ons sien uit daarna om die derde kwartaal met nuwe energie en entoesiasme aan te pak.

*Dr. Johlet Krause*

## Redenaars

Baie geluk aan die volgende woordkunstenaars en redenaarsterre wat uitstekend presteer het tydens die Interskole Streekkompetisie en nou deurdring na die landsfinaal!

**Spanredenaars**

Graad 8-span: Kian van Niekerk, Jordan Zülch, Alexander Aucamp & Brayden van Wyk

Graad 10-span: Carmi van Westing, Jacques Ferreira, Hendré Cilliers & Kayla Zalewski

**Individuele Redenaars**

Onvoorbereid: Graad 11 - Chenique Bokhorst en Voorbereid: Graad 12 - Brandon Redgard









Chenique Bokhorst



Brandon Redgard



Peter Chihobo

## ATKV-REDENAARS

**ATKV-Redenaars – Semifinaal Trots!**

Baie geluk aan Peter Chihobo, wat deurgedring het na die ATKV-Redenaars Semifinaal in die afdeling Afrikaans Eerste Addisionele Taal (Gr. 10–12 Voorbereid). Peter se harde werk, voorbereiding en uitstekende redenaarsvernuf het hom hierdie prestasie besorg. Ons is ongelooflik trots op sy prestasie en wens hom alle sterkte toe vir die volgende rondte!



# THANK YOU

**Thank You to AutoCity Alberton**

We extend our sincere appreciation to AutoCity Alberton for their generous sponsorship and valued support of Marais Viljoen High School. This partnership will make a meaningful contribution to our school's activities and daily operations, while reflecting a shared commitment to excellence, growth and investing in the future of our learners. We are proud to welcome AutoCity Alberton to the Marais Viljoen family and look forward to a successful journey together.

# Athletics

# SASA ATHLETICS 2026

**OUTSTANDING ACHIEVEMENTS**

We are exceptionally proud of our athletes who delivered outstanding performances at the SASA Athletics Championships 2026. Their dedication, perseverance and commitment to excellence once again placed our school among the best in South African school athletics.

🥇 **Lize-Mari van den Berg (U/15 Girls)**
- 1st Place – 400m
- 1st Place – Swedish Relay (New SA Record)
- 2nd Place – 800m

🥇 **Ashlynn Norman (U/19 Girls)**
- 1st Place – Long Jump (New SA Record)
- 2nd Place – 4 x 100m

🥇 **Tyran Brooks (U/17 Boys)**
- 1st Place – 1500m
- 1st Place – 3000m

🥇 **Calvin Kandira (U/17 Boys)**
- 1st Place – 400m
- 1st Place – Swedish Relay

🥇 **Heylinn Nelson (U/17 Girls)**
- 1st Place – 5000m Walk

🥇 **Janine Berry (U/17 Girls)**
- 1st Place – Long Jump

🥈 **Molefe Molefe (U/17 Boys)**
- 1st Place – Swedish Relay
- 3rd Place – 400m

🥉 **Luanne du Plooy (U/19 Girls)**
- 3rd Place – 100mH
- 3rd Place – High Jump
- 3rd Place – 200m

These remarkable achievements are a testament to the hard work, dedication and determination of our athletes, coaches and support staff. Congratulations to each athlete for representing Marais Viljoen with pride and distinction. Your success inspires the entire MV family, and we celebrate your achievements with great pride.


Lize-Mari vd Berg


Ashlynn Norman


Tyran Brooks


Calvin Kandira


Heylinn Nelson


Janine Berry


Molefe Molefe


Luanne du Plooy

# Atletiek



**Tyran Brooks aangewys as Suid-Afrikaanse Senior Victor Ludorum**

Ons is ongelooflik trots op Tyran Brooks wat as die Suid-Afrikaanse Senior Victor Ludorum tydens die SASA Suid-Afrikaanse Kampioenskappe aangewys is.

Hierdie besondere eer het Tyran te beurt geval nadat hy uitstaande prestasies op die baan gelewer het, insluitend goue medaljes in die 1500 m en 3000 m, asook die hoogste gesamentlike APE-tabelpunte in hierdie items. Sy uitsonderlike prestasie het hom die gesogte trofee vir die beste senior baanatleet van die kampioenskappe besorg.

Hierdie toekenning is die resultaat van jare se toewyding, harde werk, deursettingsvermoë en dissipline. Dit weerspieël ook die waardevolle ondersteuning van sy afrigters, ouers en die personeel van Hoërskool Marais Viljoen.

Ons deel met groot trots in Tyran se sukses en vier hierdie welverdiende prestasie saam met hom en sy familie. Veels geluk, Tyran! Jou toewyding en uitstekende prestasies is 'n inspirasie vir ons almal, en ons is besonder trots op wat jy bereik het.

**Ashlynn Norman Selected for U20 World Athletics Championships Preliminary Squad**

Congratulations to Ashlynn Norman on her selection to the Final Squad for the U20 World Athletics Championships in the Long Jump. The championships will take place in Eugene, Oregon, USA, from 5–9 August 2026.

Ashlynn is currently ranked second in South Africa in Long Jump, an outstanding achievement that reflects her exceptional talent, dedication, and commitment to her sport. Her selection to the national squad is a testament to the hard work and perseverance she has consistently demonstrated.

We are incredibly proud of Ashlynn and wish her every success as she continues her preparations for this prestigious international competition.

Congratulations on this well-deserved achievement and exciting opportunity!






# NWU-REEKS

**Marais Viljoen eindig 4de in die NWU-Prestigereeks**

Hoërskool Marais Viljoen het met trots die vierde plek in die gesogte NWU-Prestigereeks behaal, 'n besondere prestasie wat die skool se toewyding tot sportuitnemendheid weerspieël.

Hierdie uitstekende resultaat is te danke aan die harde werk, deursettingsvermoë en spanpoging van ons sportlui, afrigters en ondersteuners deur die loop van die seisoen. Om onder die Top 4-skole in die reeks te eindig, getuig van die hoë standaard wat Marais Viljoen op en langs die sportveld handhaaf.

Ons spreek ons opregte gelukwense uit aan al ons sportkodes, afrigters en atlete wat tot hierdie merkwaardige prestasie bygedra het. Julle toewyding, dissipline en spanwerk het weereens bewys dat sukses deur gesamentlike inspanning bereik word.

Baie geluk aan elkeen wat deel was van hierdie prestasie. Julle maak ons ongelooflik trots!

# Gholf


Jordan-Lee Sinden


Alana Joubert


Dune Engelbrecht

Hoërskool Marais Viljoen is besonder trots op drie van ons gholfspelers wat onlangs uitstekende prestasies behaal het. Baie geluk aan Jordan-Lee Sinden en Alana Joubert met hul verkiesing tot die Provinsiale Meisies o.19 IPT-gholfspan. Hierdie besondere prestasie getuig van hul talent, toewyding en deursettingsvermoë op die gholfbaan.
Hulle sal die provinsie verteenwoordig tydens die IPT-toernooi wat van 18 tot 20 Julie 2026 by die Serengeti Golf and Wildlife Estate in Kempton Park plaasvind.
Baie geluk ook aan Dune Engelbrecht, wat 'n uitstekende tweede plek by die Ekurhuleni-gholfproewe behaal het en daarmee sy plek in die Ekurhuleni-gholfspan verseker het. Hierdie prestasie weerspieël sy harde werk, passie en toewyding aan die sport.
Ons wens Jordan-Lee, Alana en Dune alle sukses toe met die uitdagings wat voorlê. Mag julle met selfvertroue, passie en trots speel en voortgaan om Hoërskool Marais Viljoen uitstekend te verteenwoordig.
Baie geluk! Ons is ongelooflik trots op julle prestasies en wens julle alles van die beste toe.


Lenay van Rooyen


Kayla Coetzee

# Netbal GAUTENG

**Netbalprestasie – Gauteng Provinsiale Spanne**
Baie geluk aan Lenay van Rooyen en Kayla Coetzee wat, ná verskeie keuringsrondtes, gekies is om Gauteng in hul onderskeie ouderdomsgroepe te verteenwoordig.
Lenay van Rooyen – o.14 Gauteng-span en Kayla Coetzee – o.18 Gauteng-span
Hierdie besondere prestasie is die beloning vir harde werk, toewyding en deursettingsvermoë. Uit duisende spelers het hulle hul plek in die Gauteng-spanne verdien – 'n prestasie waarop ons as Marais Viljoen besonder trots is. Ons wens Lenay en Kayla alle sterkte toe vir die Suid-Afrikaanse Netbaltoernooi. Mag dit 'n onvergeetlike ervaring en 'n baie suksesvolle toernooi wees.

**MARAIS VILJOEN NETBALL: FIVE YEARS IN A ROW – EKURHULENI'S BEST!**

Marais Viljoen has once again been crowned the Overall Ekurhuleni Netball Champions, marking an incredible fifth consecutive year at the top!
With immense pride and gratitude, we celebrate this remarkable milestone and achievement.
Success of this magnitude is built on hard work, perseverance, dedication, and the unwavering team spirit of our players, coaches, and supporters. Year after year, our netball players continue to prove that excellence is not achieved by chance—it is earned through commitment and determination.
Congratulations to every player, coach, and parent who contributed to this outstanding story of success.
Your passion and dedication made this achievement possible.
Five years, one standard: Excellence.







# Krieket INTERNASIONAAL

CRICKET SOUTH AFRICA




**Ashleigh van Wyk blink uit op nasionale vlak**

Ons het onlangs aangekondig dat Ashleigh van Wyk, ons talentvolle graad 12-krieketspeler, aan die einde van Mei in die Suid-Afrikaanse o.19 Vroue-oefengroep opgeneem is. Kort daarna is sy ook weer gekies vir die SA o.19 Vrouekrieket Hoëprestasiekamp wat in Durban plaasgevind het – 'n besondere prestasie wat getuig van haar talent, harde werk, toewyding en uitstekende vertonings op die krieketveld.

Nog groter nuus het gevolg toe Cricket South Africa die Suid-Afrikaanse o.19 Vrouespan aangekondig het wat vanaf 14–24 Julie aan hul historiese eerste Youth T20 International-toer na Pakistan deelgeneem het. Ashleigh was deel van die 15-spelergroep wat Suid-Afrika op internasionale vlak verteenwoordig het. Die toer het uit vyf Youth T20 International-wedstryde bestaan en het as voorbereiding gedien vir die ICC o.19 Vroue T20 Wêreldbeker, wat in Januarie 2027 in Bangladesj en Nepal plaasvind.

Ashleigh se insluiting in hierdie nasionale groep is 'n bewys van haar uitsonderlike talent, deursettingsvermoë en harde werk. Sy is 'n inspirasie vir jong sportlui en 'n trotse ambassadeur van Marais Viljoen.

Baie geluk, Ashleigh! Die hele Marais Viljoen-familie is ongelooflik trots op jou prestasies en sien daarna uit om jou krieketloopbaan verder met groot trots te volg.

# Rugby



**Ruan du Plessis**



**Gondai Mutetwa**



**Thato Mapuru**

## GOLDEN LIONS

**Marais Viljoen Boys Selected to Represent the Lions**

Congratulations to three Marais Viljoen High School rugby players who have been selected to represent the Lions this year. This outstanding achievement is a testament to their hard work, dedication, and talent on the rugby field.

**U/16 Welpies**
Ruan du Plessis
Gondai Mutetwa
**U/17 Welpies**
Thato Mapuru

Being selected at this level is a remarkable accomplishment and reflects the countless hours of training, commitment, and perseverance these players invested in their sport.

We are incredibly proud of Ruan, Gondai, and Thato and wish them every success as they represent the Lions with pride and distinction.

Congratulations boys! You make the Marais family extremely proud.

G • L • R • U

# EASTERN GAUTENG

# Hockey

Congratulations to the following Marais Viljoen hockey players who have been selected for Eastern Gauteng provincial teams for 2026. We are incredibly proud of each one of you!

**U14A Girls**
- Annabelle Beukes
- Lize-Mari van den Berg
- Favour Ibeh
- Rinaye Netshikulwe

U14C Girls
- Ilze Venter

U16A Girls
- Keyanna Fonseca

U16B Girls
- Mieke van den Berg

U18A Girls
- Tracy-Lee Bronkhorst
- Zanél Burger
- Naledi Mabhena
- Tatum Singh

U14A Boys
- Keyano Watkins

U14B Boys
- Luca Joubert

U18B Boys
- Rohan van Wyk

Being selected to represent Eastern Gauteng is a significant accomplishment and a testament to the countless hours spent training, competing, and striving for excellence. We look forward to following your provincial hockey journeys and watching you continue to grow both on and off the field.



# VOLGENDE OP DIE KALENDER:







# BORGE: *Baie dankie*

Ons wil ons opregte dank uitspreek aan al ons getroue borge vir hul volgehoue ondersteuning van Hoërskool Marais Viljoen.
Your partnership makes a meaningful difference and helps us create opportunities for our learners while striving for excellence in all that we do.
Baie dankie dat julle deel is van die Marais-familie!

AutoCity GROUP

ALBERANTE ARC
Autobody Repair Centre

the local choice
here for you.

FORBTECH
FORMULATED BUSINESS TECHNOLOGIES

KONICA MINOLTA

NUTANIX

LABOUR SOLVE

WWW.RYX.CO.ZA
RYX
PROPERTY SALES & RENTAL SPECIALISTS

ALTRON
FINTECH

*Geniet die vakansie / Enjoy the holiday*

**SKOOL BEGIN 21 JULIE 2026 / SCHOOL STARTS ON 21 JULY 2026**